Hoërskool Transvalia

STIGTINGSDATUM: 1958

LEUSE: BEHOU EN BOU

ADRES: H/V SCHUMAN-EN BACHSTRAAT, VANDERBIJLPARK

Skoolgeskiedenis

Hoërskool Transvalia is op Vanderbijlpark aan die Vaalrivier naby Vereeniging geleë. Die dorp is in die Tweede Wêreldoorlog gestig, hoofsaaklik vir die vervaardiging van staal, nes in Pretoria. Dit heet na dr Hendrik Johannes van der Bijl, 'n ingenieur, uitvinder, industrialis en regeringstegnokraat. Vanderbijlpark is 'n nywerheidsdorp, hoewel dit nie ver van die ontspanningsgeriewe van die Vaalrivier is nie.

Die skool het omtrent 1140 leerders, waarvan 540 seuns is.

"Ek was 'n gangbare rugbyspeler op skool, en het ook aan krieket en atletiek deelgeneem. Twaalf ambagte en dertien ongelukke, kan jy maar sê. Die atletiekbreier, Oubaas Coetzee, was uitmuntend, en het by my 'n lus vir sport gekweek. Drieduisend mense het ons derbies bygewoon, en vir ons as kinders was dit iets ysliks. Dit was die ene adrenalien. My pa het van werk verander, en ek moes Witbank toe, maar ek sal daai derbies nooit vergeet nie."

— Francois Pienaar (1985)



Rugby op Transvalia

Die skool het tien rugbyspanne, en die eerste span het in 1992 en 1993 die beste gevaar toe hulle die semifinaal van die destydse Administrateursbeker bereik het. Transvalia was toe ingedeel in die gewese rugbyprovinsie Vaaldriehoek, wat intussen verval het. Die vernaamste mededingers is HTS Vereeniging, oftewel die Tekkies. Die tellings is gewoonlik naelskraaps, maar die Tekkies, met hul getalleoorwig, het gewoonlik die oorhand. Dries van Heerden se aankoms by HTS in 1993 het ook 'n rol gespeel. Robbie Heydenrich se span van 2004 het egter die droogte gebreek met 'n onvergeetlike oorwinning van 18-16 oor Tekkies. Voor HTS Vereeniging – in der waarheid dekades gelede – was Driehoek en Vanderbijlpark die grootste opponente. Volgens tradisie vind 'n ritueel voor elke 1ste span wedstryd in hul kleedkamer plaas. Die spanlede trek eers hul truie aan nadat die kaptein en breier hulle toegespreek het. Eers as hulle verseker is van elke speler se entoesiasme, mag die truie aangetrek word en kan die span op die veld hardloop. Neels Venter en Pieter van Wyk was uitstekende breiers. Venter was jare lank as breier, bestuurder en keurder by die Cravenweek betrokke. Van Wyk, die vorige onderhoof, is ook in die laaste paar jaar by die Cravenweek betrokke. Nog 'n voormalige personeellid, Frans Erasmus, was erevoorsitter van die Vaaldriehoekse Rugbyunie.

Daar is een oudleerling op wie die skool altyd trots sal wees: Francois Pienaar, die Springbokkaptein, wat in 1995 ná die eindstryd om die Wêreldbeker fier met die beker in die hand langs oudpresident Nelson Mandela gestaan het. Hy is vandag nou by die ontwikkeling van skolerugby betrokke. Deel van sy werk by Eerste Nasionale Bank is die bestuur van borgskappe in skolerugby. Piet Myburgh, wat vir SA o.19, o.21 en o.23 gespeel het, is ook 'n oudleerling. Dié lang slot het onder meer ook vir die Haaie en die Bulls gespeel.

Internasionaal

Suid-Afrika: